
Gereformeerde kerk **Magol**




"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

# *DATUM:* *27 Oktober 2024*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Instituut vir Christelike onderwys
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Teologiese Studentekas
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Diensbeurte

**Vandag:** Ow. 17/19 & Ow. 18

**Volgende week:** Tkop, Tambotie & Tinet

## Skinkbeurte

**Sondag 27 Oktober:**
**<u>Onverwacht 17/19</u>**
Eunice Anders, Barbara Anders, Hannetjie Beetge, Ansie Booysen, Brenda Bridges, Anze janse van Vuuren, Clarice Schutte & Tinka Steyn.
**<u>Onverwacht 18</u>**
Dalize du Plessis, Malize du Plessis, Carina Geyer, Zelda Joubert, Annetjie Venter, Elmarie Venter & Ina Vermaak.

**Sondag 3 November:**
**<u>Tafelkop</u>**
Martie Wolfaardt, Ona Botha, Heila Heystek, Jolanda Pretorius, Adri de Klerk & Leoni Kruger.
**<u>Tambotie</u>**
Esther de Beer, Simone Trichardt, Elsa Erasmus, Kobie jansen van Vuuren, Christine jansen van Vuuren & Lara jansen van Vuuren.
**<u>Tinet</u>**
Cornet Eloff, Elmari Coetzee, Lizann Botha & Charlene van Staden.

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 27ste | Kalinka Eramus | Hdal/Sbp |
| | Sumari Pretorius | Ow. 14 |
| 30ste | Miemie de Beer | Wtvde |
| | Frik Doshe | Ell. 05 |
| 31ste | Robert Kruger | Tkop |
| | Weidie Weideman | Ow. 04 |
| 1ste | Retha Swanepoel | Ow. 11 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

Baie geluk ook aan Frik & Chanel Doshe (Ell.05) met die geboorte van 'n baba seuntjie Maandagoggend.

## Preekvoorligting Sondag 27 Oktober 2024

**Sing:** Ps. 92:1,2; Ps. 92:5 Ps. 130:1,2,4 Skr. 31:1,3; Ps. 46:1,4,6.
**Lees:** Psalm 11
**Teks:** Psalm 11:3
**Tema: Te midde van bose aanslae sal die Here sy regverdigheid en genade openbaar.**

### *Hopeloosheid van die bose aanslag*

Psalm 11 is 'n gedig van Dawid wat hy in die midde van diep beproewing en geweldige aanslae onder inspirasie van die Heilige Gees geskryf het. In die midde van die aanslae wat hy beleef vind hy altyd sy skuiling by die Here. Hy het egter nie alleen in die lewe gestaan nie en dikwels het hy raad van sy vriende en raadgewers ontvang. Hulle raad is nou vir hom dat hy moet vlug en homself een beskerm. Die fondament word omgegooi en dan kan niemand meer iets doen nie. dikwels voel ons hopeloos in die midde van aanslae wat ons beleef.

### *Sekerheid in die Here se koningskap*

Die kind van die Here bly nie in die midde van die aanslae vasgevang in hopeloosheid nie, maar kan die geloofsoog op die Here rig. Dit is immers waarin Dawid ware troos en versterking vind. Die wete dat hy altyd sy toevlug tot die Here kan neem is die fondament van sy vertroue. Die Here is koning en Hy is op sy troon vanwaar hy alles in die skepping onderhou en regeer. Die Here is die Alsiende en die Alwetende in die midde van ons lewe. Daarom het ons die sekerheid dat daar niks is wat met ons gebeur wat nie in die Here se raad bestaan nie.

### *Oordeel en genade voor die Here se aangesig*

Die Here sien egter nie net ons beproewings nie, maar Hy tree ook daarin op. Hy tree op teen die goddeloses en maar ook vir die regverdiges. Die Here sal sy regverdige oordeel bring oor almal wat hulle teen die kinders van die Here vergryp, maar Hy sal ook genade aan die regverdiges betoon. Deur die verdienste van Jesus Christus het ons die sekerheid dat ons weer voor die aangesig van die Here kan leef. Daarom kan ons altyd ons toevlug na Hom neem.